# Zuid-Afrikaanshe Boer Republieke

# KONSEP GRONDWET

Die konsep Grondwet van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR) vir die Zuid-Afrikaansche Boervolk (ZAB) bevorder 'n teokraties-sosialistiese stelsel, gegrond op die volledige Woord van die Almagtige Hemelse Vader, sosialistiese beginsels van gelykheid en welsyn, en afsonderlike ontwikkeling vir outonome volke. (Gebaseer op die Grondwet van die Republiek van die Oranje Vrystaat van 1854)

**Hoofstuk I: Burgerskap**

**Afdeling I: Hoe Burgerskap Verkry Word**

1. Burgers van die ZABR geld slegs vir die ZAB volksgenote (ander volke se burgerskap in hul eie grondgebiede) en is:
    a. Blankes gebore uit inwoners van die historiese Boere-grondgebiede, beide voor en na 18 Januarie 2025 (TAR_14 Vergadering).
    b. Blankes wat burgerskapregte verkry het onder die regulasies van hierdie konsep Grondwet van 2025.
    c. Blankes wat aan die volgende vereistes voldoen:
        i. Meer as 10 opeenvolgende jare in die historiese Boere-grondgebiede woon.
        ii. 'n Skriftelike Verklaring van Getrouheid aan die ZAB (Bylaag B, wat getrouheid aan die Almagtige Hemelse Vader, die ZAB se volkseienskappe, en eenheid vereis) en gehoorsaamheid aan die konsep Grondwet van die ZABR afgelê het.

iii. Hul verbind tot die Geloftes van die Boervolk (Bylaag C).
iv. Hul verbind tot die ZAB Etos (Bylaag D) en om dit uit te lewe.
v. Na verifikasie van bogenoemde vereistes, sal ’n ZABR ID van burgerskap deur die administrasie uitgereik word.
vi. Blanke volksgenoot-verwante (Adamiete) wat bereid is om hul aan die konsep Grondwet van die ZABR te onderwerp, maar wat ’n burger van ’n ander staat of land is, word as Vreemdeling in die ZABR Volkregister aangeteken en sal na 5 jaar van permanente verblyf, Burger-status ontvang wanneer hul kultureer geïntegreer het met die Zuid-Afrikaansche Boervolk.
vii. Minderjarige seuns en dogters van burgers van die ZABR word as Afhanklikes in die Volkregister opgeneem, totdat hulle as volwassenes (18 jaar) gereken word, waarna hul burgerskap kan ontvang.

d. Blankes wat hul status herstel het deur hul status vanuit die RSA Ing. jurisdiksie te verander na ’n soewerein onder die ZABR.

2. Staatsvorm en Bestuur van die Zuid-Afrikaansche Boerevolk Republiek:
    a. Die Zuid-Afrikaansche Boerevolk Republiek (ZABR) word georganiseer volgens ’n teokraties-sosialistiese staatvorm, gegrond op Bybelse beginsels (Levitikus 25:23, Eksodus 18:21–22, Spreuke 16:33), historiese verdragte (Bylaag E), en grondeienaarskap (Bylaag G).
    b. Die histories kulturele en administratiewe vorm en bestuur van die ZABR word volledig uiteengesit in Bylaag H: **Staatsvorm en Bestuur van die ZABR**, wat die volgende insluit:
        i. Die Zuid-Afrikaansche Boerevolk Republiek (ZABR) word georganiseer volgens 'n teokraties-sosialistiese staatvorm, gegrond op Bybelse beginsels, met historiese en kulturele outonomie onder rentmeesterskap van die Almagtige Hemelse Vader.
        ii. ’n Sterk president en Volksraad, ondersteun deur ’n Raad van Rigters vir regterlike en plaaslike bestuur.
        iii. Sterk plaaslike distrikte in lyn met die konfederale model (Artikel 72) vir historiese en kulturele administrasie en bemagtiging.
        iv. Burgerskap en regte beperk tot die Boervolk, gegrond op historiese aansprake (Artikel 77).
    c. Die histories kulturele en administratiewe vorm en bestuur word uitgevoer in ooreenstemming met die verdragte (Bylaag E), Bybelse integriteit, en die Raad van Rigters as teokratiese kontroleringsmeganisme.

3. Rol en Funksie van die ZABR Die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR) en al haar rade, insluitend die Volksraad, Raad van Rigters, Uitvoerende Raad, en Volkshof, funksioneer uitsluitlik as ’n histories kulturele en administratiewe liggaam vir die Zuid-Afrikaansche Boervolk (ZAB). Die ZABR se doel is om die Boervolk se historiese

identiteit, taal, en erfenis te beskerm en te bevorder, in ooreenstemming met Bybelse beginsels en internasionale reg oor selfbeskikking, sonder om territoriale jurisdiksie oor enige bestaande staat uit te oefen.

**Afdeling II: Hoe Burgerskap Verloor Word**

4. Burgerskap in die ZABR word verloor deur:
   a. Verkryging van burgerskap in ’n buitelandse land.
   b. Deelname sonder die President se toestemming in buitelandse militêre diens, of aanvaarding van ’n kommissie onder ’n buitelandse regering.
   c. Vaslegging van woonplek buite die land met ’n duidelike voorneme om nie terug te keer na die ZABR nie. Hierdie voorneme word beskou as uitgedruk wanneer ’n persoon langer as twee jaar in ’n buitelandse land gevestig is, tensy hy/sy goedkeuring van die president se kantoor ontvang het.
   d. Skuldig bevind word van verraad teen die ZAB en/of die ZABR (Bylaag N) se doel om as 'n verenigde histories kulturele volk, soewereine en onafhanklik voor haar Almagtige Hemelse Vader te funksioneer.
   e. Skuldig bevind word aan die verbreking van die ZAB Verklaring van Getrouheid.
   f. Skuldig bevind word aan die verbreking van die konsep Grondwet.

**Hoofstuk II: Burgerdiens**

5. Alle burgers, sodra hulle die volle ouderdom van 16 jaar bereik het, en almal wat burgerskap later verkry het, is verplig om hul in te skryf by die landrekord van die ZABR Volkregister, en is onderhewig aan burgerdiens tot die volle ouderdom van 60 jaar. Die Volkregister sal deur die Landdros geadministreer word. Alle burgers sal bydra aan gemeenskapsprojekte vir die algemene welvaart van die volk en sal soos benodig aangewend word (Bylaag O).
   a. Manlike burgers sal verpligte weerbaarheid opleiding van 3 maande ondergaan na skoolverlating, in lyn met die ZAB Verklaring van Getrouheid (Bylaag B, Punt 19), om die ZABR se verdediging en volkseenheid te versterk.
   b. Vroulike burgers sal verplig word om gemeenskapsdiens en opleiding van 3 maande te ondergaan soos uiteengesit in Bylaag O.

**Hoofstuk III: Kwalifikasies vir Stemreg**

6. Alle manlike burgers wat die ouderdom van 18 jaar bereik het, gekwalifiseer om stemreg uit te oefen.
7. Alle burgers van volle ouderdom gekwalifiseer vir die verkiesing van lede van die Volksraad:

a. Wat in die historiese Boere-grondgebiede/ZABR gebore is.
b. Alle burgers met verblyfreg in die ZABR.
c. Wat ten minste 10 jaar in die historiese Boere-grondgebiede gewoon het.
d. Wat nooit deur 'n jurie skuldig bevind is aan 'n misdaad nie.

### Hoofstuk IV: Instelling en Werping van die Lot

Om te verseker dat besluite in die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR) in ooreenstemming is met die wil van die Almagtige Hemelse Vader, soos geopenbaar in die volledige Woord, word die werping van die lot ingestel as 'n heilige metode om leiers aan te stel en belangrike sake te beslis, in lyn met Bybelse beginsels.

8. **Instelling van die Lot:** Die werping van die lot word ingestel as 'n vertrouens (godsdienstige) praktyk om die wil van die Almagtige Hemelse Vader te bepaal in die aanstelling van leiers, soos die Raad van Rigters (Artikel 9) en die President (Artikel 35), en in ander sake waar die Volksraad of die gemeenskap die Almagtige se leiding soek of waar daar nie duidelike Skriftuurlike riglyne bestaan nie (Spreuke 16:33, Numeri 26, 1 Samuel 10). Die prosedures, toesig en toepassings van die lot word in Bylaag F uiteengesit.

### Hoofstuk V: Instelling en Aanstelling van die Raad van Rigters

9. Die Raad van Rigters word ingestel as 'n liggaam van geestelike en morele leiers, ondergeskik aan die Woord van die Almagtige Hemelse Vader. Die Volksraad stel kandidate voor, en aanstellings sal volgens die lot bepaal word onder Bybelse leiding en gebed.
   a. Die Raad sal bestaan uit vyf lede, aangewys deur die lot volgens die prosedures in Bylaag F uit burgers wat:
      i. Ten minste 40 jaar oud is, terwyl die lot die finale bepalende faktor sal wees.
      ii. Bekend is vir hul vertrouens (godsdienstige) en morele integriteit.
      iii. Nooit skuldig bevind is aan 'n kriminele daad nie.
      iv. Kennis dra van die volledige Woord en die wette van die Staat.
   b. Lede van die Raad word vir sewe jaar aangestel en die lot sal weereens bepaal of hul heraangestel kan word.
   c. Na die eerste drie jaar sal twee lede, deur die lot bepaal, vervang word deur twee nuwe lede om sodoende kontinuïteit te verseker.
   d. Die Volksraad sal, in oorleg met Bybelse beginsels, die aanstellings keur, maar die Raad sal nie onder die politieke gesag van die Volksraad val nie.
   e. In geval van 'n vakature, sal die Volksraad binne drie maande 'n nuwe lid aanbeveel.

**Hoofstuk VI: Pligte van die Raad van Rigters**

10. Die Raad van Rigters sal die volgende pligte vervul:
    a. Toesig hou oor die morele en vertrouens (godsdienstige) integriteit van die wette gemaak deur die Volksraad, om te verseker dat sulke wette in ooreenstemming is met die Woord van die Almagtige Hemelse Vader.
    b. Advies gee aan die Volksraad en die President in sake van openbare belang, met klem op geregtigheid, barmhartigheid, en die welvaart van alle burgers.
    c. Die bevordering van vertroue en onderwys, in samewerking met Bybelse beginsels, om die volk se geloof te versterk.
    d. Konflikte tussen burgers of gemeenskappe oplos deur bemiddeling, gegrond op Bybelse beginsels, waar sulke konflikte die openbare orde raak.
    e. Verslae voorlê aan die Volksraad tydens sy jaarlikse byeenkoms oor die geestelike en morele toestand van die Staat.

**Hoofstuk VII: Magte van die Raad van Rigters**

11. Die Raad van Rigters sal die volgende magte hê:
    a. Die reg om wetsontwerpe van die Volksraad te hersien en aanbevelings te maak indien sulke wette in stryd is met die Woord van die Hemelse Vader.
    b. Die mag om ZAB volksgenote en openbare amptenare, insluitend die President, te berispe vir optrede wat teen vertrouens (godsdienstige) of morele beginsels is, met die verstande dat sulke berisping nie politieke magte opskort nie.
    c. Die bevoegdheid om buitengewone vergaderings met die Volksraad of President te versoek in tye van morele of geestelike krisis.
    d. Die reg om gemeenskapsleiers byeen te roep vir konsultasie oor sake wat histories kulturele of vertrouens verskille raak, om harmonie te bevorder.
    e. Die Raad sal geen wetgewende, uitvoerende, of regterlike mag hê nie, maar sal as ’n geestelike en morele kompas vir die Staat en die ZAB optree.

**Hoofstuk VIII: Pligte en Magte van die Volksraad**

12. Die hoogste aardse wetgewende mag berus by die Volksraad wat ondergeskik is aan die Hoogste Gesag, die Almagtige Hemelse Vader in die leiding deur Sy volledige Woord.

13. Hierdie Raad sal bestaan uit 12 lede, 3 per provinsie vir elk van die 4 provinsies. Hierdie Raad word gekies deur die meerderheid van stemme deur die stemgeregtigde inwoners van elke streek.

14. Elke manlike burger is verkiesbaar as lid van die Volksraad wat nooit deur ’n jurie skuldig bevind is aan ’n misdaad nie met woonplek binne die ZABR, wat tussen 30 en 70 jaar oud is, en wat ook ten minste 10 jaar in die RSA woonagtig is.

15. ’n Lid van die Raad hou op om sulks te wees in enige van die volgende gevalle:
    a. As hy verwaarloos om na die Raad te kom gedurende drie opeenvolgende vergaderings.
    b. As hy een of meer van die kwalifikasies verloor soos vereis in Artikel 14.

16. Lede van die Volksraad word vir vier opeenvolgende jare gekies en is herverkiesbaar aan die einde van die tydperk. Die helfte sal na twee jaar onttrek, en die eerste helfte word deur die lot gereël volgens die prosedures in Bylaag F.

17. Die Volksraad kies in sy jaarlikse byeenkomste ’n Voorsitter uit sy eie lede.

18. Die Voorsitter van die Volksraad bly buite stemming in ‘n vergadering, maar sal in geval van ’n gelykheid van stemme die finale stem uitbring.

19. 70% van lede sal ’n kworum vorm. Alle besluite moet met 70% meerderheid goedgekeur word.

20. Die Volksraad maak die wette, reguleer die regering en finansies van die land, en sal daarvoor vier maal per jaar vergader waarvan twee fisies byeenkomste sal word.

21. Die Voorsitter sal ’n buitengewone sessie van die Raad kan ontbied volgens die toestand van sake.

22. Die wette gemaak deur die Volksraad:
    a. Voorgestelde wette moet drie maande voor bespreking in die Volksraad aan die volksgenote voorgelê word. Dié kan dan deur versoekskrifte (memorandums) of deur hul Volksraadslede die voorgestelde wetgewing beïnvloed.
    b. Onder sekere omstandighede kan dringende wette onmiddellik behandel word.
    c. Sal twee maande na die afkondiging krag van wet hê, en sal deur die Voorsitter en deur die President onderteken word, met behoud van die reg van die Raad om ’n korter of langer tydperk vas te stel.
    d. Sal deur die lede van die Raad, soveel moontlik, die wette wat deurgestuur is, bekend en duidelik maak aan hul eie publiek.

23. In geval van enige vonnis van gevangenisstraf wat teen die President uitgespreek word, sal die Volksraad hom dadelik kan afdank.

24. Ander:
    a. Die Volksraad sal die reg hê om die President en openbare amptenare te bereg vir verraad, omkoopgeld en ander hoë misdade.
    b. Die President sal nie veroordeel word sonder ‘n kworum nie.
    c. Hy sal nie veroordeel word sonder genoegsame kennisgewing (15dae) aan alle lede om hulle die geleentheid te gee om teenwoordig te wees nie.
    d. As ’n kworum ontbied word en enigiemand van mening is dat die President skuldig is aan een van die bogenoemde misdade, sal hulle die mag hê om hom te skors en voorlopige reëlings te tref om sy amppligte te vervul. Maar in daardie geval sal hulle verplig wees om die hele Raad byeen te roep om hom te bereg.
    e. Volksraadslede moet onder eed voor getuies die Eed van Waardigheid / Bevoegdheid (Bylaag A) aan die begin van sy termyn aflê.
    f. In geval die President sou sterf, of sy pos sou bedank, of afgedank word, of ongeskik raak vir die uitoefening van sy amp, sal die Volksraad bemagtig wees om een of meer persone voor te stel om in sy plek te tree totdat sodanige ongeskiktheid ophou of ’n ander President met die lot aangewys is.
    g. Die vonnis van die Volksraad in sulke gevalle sal geen verdere effek hê as afdanking uit hul ampte en die verklaring van ongeskiktheid om ooit enige pos onder die Regering te beklee nie. Maar die persone so gevonnis sal nietemin onderhewig wees om volgens die wet bereg te word.

25. Die Volksraad behou die reg om die verkiesingslyste van lede vir die Volksraad, self te ondersoek en te verklaar of die lede behoorlik en wettiglik verkies mag word en is of nie.

26. Die Volksraad sal gereelde notules van sy verrigtinge hou en van tyd tot tyd dieselfde publiseer, met uitsondering van sulke artikels as wat in hul oordeel teruggehou moet word.

27. Die ooreenkoms of ontevredenheid van verskillende lede oor enige vraag wat aan die stemming voorgehou word, moet op versoek van een-vyfde van die teenwoordige lede, in die notules ingeskryf word.

28. Die publiek sal toegelaat word om die konsultasies van die Volksraad by te woon en kennis te neem van die verrigtinge, behalwe in spesiale gevalle waar geheimhouding noodsaaklik is.

29. Die Volksraad sal geen wette maak wat die vrye vergadering van die inwoners belet om aan die Regering ‘n memorandum te oorhandig, hulp in moeilikhede te verkry, of ’n verandering in sommige wette te verkry nie.

30. Verdere geestelike verantwoordelikhede:
    a. Die bevordering van aanbidding en onderwys Volgens Bybelse Beginsels (Bylae L) is ’n saak van sorg vir die Volksraad, in samewerking met die Raad van Rigters.
    b. Die Raad van Rigters sal toesig hou oor die vertrouens (godsdienstige) inhoud van onderwys en die morele integriteit van openbare beleid, om te verseker dat dit in ooreenstemming is met die Woord.
    c. Die Volksraad sal verplig wees om gratis onderwys vir alle burgers te verskaf, in ooreenstemming met die Tora se model van Skrifgebaseerde onderrig.
    d. Gesondheidsorgprogramme sal gefinansier word om die armes en behoeftiges te ondersteun.
    e. Vryheid van aanbidding (godsdiensvryheid) word beperk tot die aanbidding van die erkende geloof beginsels, maar sorg vir vreemdelinge binne die ZAB vertrouensgemeenskap sal verseker word.
    f. Volksvreemde aanbidding (gelowe); vreemd aan die Protestantse beginsels van ons voorgeslagte en in teenstelling met hierdie Grondwet, sal geen vryheid hê nie.
    g. Die Volksraad sal verplig wees om sorg te dra vir die armes, weduwees, en vreemdelinge (Bylaag G, Afdeling 3(3)) om gelyke toegang tot water te beklemtoon) binne die geloofsgemeenskap, in ooreenstemming met Skriftuurlike voorskrifte.
    h. Hulpverlening sal uit tiendes en gemeenskaplike bydraes gefinansier word.

31. Geen kerk of belydende skrifte sal ondersteun of bevorder word nie. Aanbidding van die Almagtige Hemelse Vader en erkenning van Sy Seun, Sy Gees, en Sy volledige Woord sal gebruik word as geloofs basis waarop die Zuid-Afrikaansche Boervolk bestuur en geadministreer sal word.

32. Die Volksraad sal die mag hê om ’n verdedigingswet aan te neem vir die beskerming en veiligheid van hul grondgebied.

33. Nadat hierdie konsep Grondwet vasgestel is, mag geen verandering daarin gemaak word sonder ‘n kworum van die Volksraad, en voor sodanige verandering gemaak mag word, sal ’n meerderheid stemme nodig wees in twee opeenvolgende jaarlikse sessies.

34. Die Volksraad sal ’n progressiewe belastingstelsel instel, waar hoër inkomste en rykdom swaarder belas word om openbare welsyn te finansier, insluitend gratis onderwys, gesondheidsorg, en welsyn vir alle burgers. Die Volksraad sal fondse prioritiseer vir nasionalisering van sleutelbedrywe, soos mynbou en landbou, om inkomste vir die algemene welvaart te herverdeel (Bylaag G, Afdeling 1 om die

kollektiewe eienaarskap van natuurlike hulpbronne te versterk). Interne geldlenings (lenings slegs by volksgenote) op die staat se krediet sal gebruik word om infrastruktuur en sosiale programme te ondersteun.

**Hoofstuk IX: Pligte, Magte, ens., van die President**

35. Daar sal 'n President wees, aangewys deur die lot vanuit die verkose Volksraad volgens die prosedures in Bylaag F. Die Volksraad sal per versoekskrif of rekwisisie as kandidaat een of meer persone aanbeveel.

36. Die President sal vir vyf jaar aangestel word en herverkiesbaar wees by bedanking.

37. Die President sal die hoof van die Uitvoerende mag wees. Die toesig oor alle openbare departemente en die uitoefening en regulering van alle sake verbind met die openbare diens sal aan die President toevertrou word, wat verantwoordelik sal wees aan die Volksraad, en wie se handelinge en dade onderhewig sal wees aan 'n appèl voor die Volksraad. Die President se besluite is aan die Volksraad se goedkeuring onderhewig.

38. Die President sal so gereeld as moontlik die stede besoek en die inwoners van die distrik geleentheid gee om sake voor te stel waarin hulle belang het.

39. Die President sal 'n verslag maak in die jaarlikse byeenkoms van die Volksraad oor die toestand van die land en van die openbare diens. Hy sal hulp verleen met raad en advies, en indien nodig, wetsontwerpe op die tafel lê, sonder egter om daaroor te stem.

40. Die President sal ook 'n buitengewone vergadering van die Volksraad kan ontbied.

41. Die President sal die mag hê om alle leë poste in die openbare kantore te vul wat vakant is tussen byeenkoms van die Volksraad, onderhewig aan die ratifikasie van daardie liggaam.

42. Die President sal die reg hê om openbare amptenare te skors.

43. Die President met 'n meerderheid van die Uitvoerende Raad kan die reg van genade uitoefen in alle kriminele vonnisse.

44. Die President met die toestemming van die Volksraad verklaar oorlog en maak vrede.

45. Die President sal konvensies kan maak, onderhewig aan die toestemming van die Volksraad.

46. Die President sal geen verdrag kan maak sonder die toestemming van die Volksraad nie.

47. Die President en Uitvoerende Raad sal die finansies inspekteer om te verseker dat alle inkomste uit genasionaliseerde bedrywe en progressiewe belastings vir openbare welsyn en infrastruktuur aangewend word. 'n Onafhanklike toesig-houdende liggaam sal gestig word om korrupsie te voorkom en deursigtigheid te verseker. Verantwoordelikheid berus by die Uitvoerende Raad en die President.

**Hoofstuk X: Uitvoerende Raad**

48. Daar sal 'n Uitvoerende Raad wees, bestaande uit die President (soos bepaal deur die lot Artikel 8), Kommandant-Generaal, Sekretaris, en twee onbeampte lede, gekies deur die Volksraad, om die President met raad en hulp te help. Die President sal die Voorsitter wees en 'n besliste stem hê.

49. Die Uitvoerende Raad sal sessie hou op die tweede Maandag van elke tweede maand, en op sulke ander tye as wat die President mag vereis.

50. Die Uitvoerende Raad sal verplig wees om 'n jaarlikse verslag van sy verrigtinge aan die Volksraad voor te lê.

51. 'n Meerderheid van die Uitvoerende Raad sal die reg hê om 'n buitengewone vergadering van die Volksraad te ontbied.

52. Die President en die Uitvoerende Raad sal die mag hê om krygswet uit te roep.

**Hoofstuk XI: Die Regterlike Mag**

53. Die Kommissaris (Landdros) hou die mag van burgerlike en residensiële kommissaris.

54. Die wetgewende gesag word uitsluitlik uitgeoefen deur die ingestelde howe, wat deur die wetgewende gesag ingestel is.

55. Die ZABR Volkshof word ingestel as 'n spesiale hof om sake rakende die ZAB se volkseienskappe, soewereiniteit, en Bybelse gemene reg te hanteer, soos uiteengesit in die ZAB Verklaring van Getrouheid (Bylaag B, Punt 7). Die Volkshof sal onder toesig

van die Raad van Rigters funksioneer en die volledige Woord van die Almagtige Hemelse Vader as hoogste gesag toepas, aangevul deur Romeins-Hollandse gemene reg waar nodig. Wetgewing reguleer ook die administrasie van kriminele aangeleenthede, asook dié in polisie verwante sake, met dien verstande dat kriminele sake wat in die eerste instansie voor die hoër Howe gebring word, deur ’n verkose jurie bereg sal word.

**Hoofstuk XII: Die Vredesmag stelsel**

56. Die Veldkornette sal deur en uit die burgers van hul wyke gekies word.

57. ’n Veldkommandant sal vir elke distrik gekies word, deur en uit die burgers van dieselfde.

58. Die Veldkommandante en Veldkornette wat verenig op ’n kommando verenig is, sal hul eie Kommandant-Generaal kies uit hulleself. In geval van oorlog, sal die Kommandant-Generaal sy instruksies van die President ontvang.

59. Die verenigde Veldkommandante en Veldkornets het die reg, gedurende die verloop van die oorlog, wanneer hulle regverdige oorsaak daarvoor het, om die Kommandant-Generaal wat deur hul gekies is te afdank en ’n ander aan te stel, hul bindend in daardie geval om kennis te gee aan die President daarvan, wat op ontvangs van sodanige aankondiging, en op bevinding dat die toegewyse redes gegrond is, die dag vasstel waarop ’n nuwe verkiesing sal plaasvind.

60. Na die oorlog bestaan daar nie langer ’n Kommandant-Generaal as sodanig nie.

61. Die Veldkornets moet in hul eie wards (wyke) woonagtig wees en eiendom daarin besit.

62. Die Veldkommandante moet in hul eie distrikte woonagtig wees, vaste eiendom besit, en 10 jaar in die land gewoon het.

**Hoofstuk XIII: Verskeie Onderwerpe**

63. Die volledige Bybel sal gebruik word as die Hoogste Gesag en Wet van die ZABR, daarna Romeins-Hollandse gemene reg en gewoontereg waar geen ander wet deur die Volksraad gemaak is nie.

64. Die wet is vir almal ewe, met die verstaan dat die regter alle wette met onpartydigheid en sonder agting van persone moet uitoefen.

65. Elke inwoner is verplig om gehoorsaamheid te verleen aan die wet en die owerhede.

66. Geen partypolitiek, kerklike instellings, inmenging deur finansiële magte of wêreld regerings of banke sal toegelaat word wat teenstrydig is met die konsep ZABR grondwet en waardesisteem van die ZAB nie.

67. Geen finansiële lenings, finansiële verpligtinge of aanverwante aangeleenthede en/of ooreenkomste mag aangegaan word buite volk verband self nie.

**Hoofstuk XIV: Grond, Vryhede en Grondwetlike Beginsels**

68. Grond en sleutelproduksiemiddele (bv. myne, waterbronne) word deur die staat bestuur Volgens Bybelse Beginsels (Bylaag L), soos uiteengesit in ZABR Grondbestuur (Bylaag G), met die staat as toesighouer om te verseker dat toekenning en gebruik in lyn is met die wil van die Almagtige Hemelse Vader. Grond sal periodiek herverdeel word om ongelykheid te voorkom, in die gees van die jubeljaar (Bylaag G, Afdeling 4). Reg op eiendom word NIE gewaarborg nie op grond van rentmeesterskap, onderhewig aan Bybelse beginsels en die algemene welvaart en volkseenheid.

69. Persoonlike vryheid en vryheid van spraak word toegelaat binne die grense van Bybelse beginsels en die algemene welvaart en volkseenheid. Sien Bylaag M 4. **Reg op Vryheid van Geloof**.

70. Persoonlike geloof word toegelaat binne die grense van Bybelse beginsels en die algemene welvaart en volkseenheid. Sien Bylaag M 4. **Reg op Vryheid van Geloof**. Met ‘n strewe na ‘n gelykvormige interpretasie van die Woord volgens die bedoeling van die Heilige Gees om in eenheid van geloof in harmonie saam te leef.

71. Verwerping van Sekulêre *Bill of Rights*: Die ZABR erken geen sekulêre *Bill of Rights* nie, aangesien ons soewereiniteit en bestuur gegrond is op die Almagtige Hemelse Vader se leiding en die historiese volkereg van die Boervolk soos bevestig in die ZAB Deklarasie van Onafhanklikheid (12 Julie 2025). Vir ’n verduideliking van hoe kulturele en individuele regte gewaarborg word, sien Bylaag M: Beginsels van Kulturele en Individuele Beskerming.

**Hoofstuk XV: Erkenning van Outonome Volke en Grondgebiede**

72. Die ZABR erken die reg van verskillende volke om hul eie grondgebiede te bestuur as outonome entiteite, elk met hul eie wette, taal, kultuur, en administrasie. Elke volk sal ’n duidelik afgebakende grondgebied toegeken kry, waarbinne hul volle

soewereiniteit uitoefen, vry van inmenging deur ander volke of ’n sentrale gesag. Grondgebiede is bepaal deur historiese verdragte (Bylaag E) tussen volke reeds vasgestel soos voor 1899 en sal weer so herbevestig word.

73. **Konfederale Samewerking:** Die outonome volke mag verdragte sluit vir samewerking in sake van handel, verdediging, of gemeenskaplike belange. ’n Konfederale Raad, bestaande uit verteenwoordigers van elke volk, sal opgerig word om sulke verdragte te koördineer, maar sal geen wetgewende gesag oor die volke hê nie. Besluite in die Konfederale Raad sal eenparig wees.

74. **Burgerskap:** Burgerskap word bepaal deur elke volk binne sy eie grondgebied. Elke volk sal sy eie burgerskapskriteria en register vestig, vry van inmenging deur ander volke. Burgers van een volk mag nie aanspraak maak op regte in ’n ander volk se grondgebied nie, tensy deur verdragte toegestaan.

75. **Wetgewende Mag:** Die wetgewende mag berus by elke volk se eie raad binne sy grondgebied. Die Volksraad van die ZABR sal slegs wetgewende mag hê oor die ZAB se grondgebied. Geen sentrale wetgewende liggaam sal gesag oor ander volke uitoefen nie, behalwe deur verdragte in die Konfederale Raad.

76. **Uitvoerende Mag:** Elke volk sal sy eie uitvoerende hoof kies, volgens sy eie prosedures, om die administrasie van sy grondgebied te bestuur. Die President van die ZABR sal slegs gesag hê oor die ZAB se grondgebied. Geen sentrale uitvoerende gesag sal oor ander volke uitgeoefen word nie.

77. **Grondgebiedstoewysing en Verdeling:** Die grondgebiede in die RSA sal onder die ZAB en ander volke verdeel word, met inagneming van historiese aansprake en kulturele identiteit. Elke volk sal volle beheer hê oor sy historiese grondgebied soos voor 1899, insluitend natuurlike hulpbronne, landbou, en ekonomiese aktiwiteite. Die ZAB is een van die historiese volke, wat ander volke se historiese grondgebiede erken (bv. Basotho, Lesotho). Historiese verdragte (Bylaag E) soos bv. Dingaan se traktaat, die Sandrivier- en Bloemfontein-konvensies en ander word erken.

78. **Kulturele en Ekonomiese Selfbeskikking:** Elke volk sal die reg hê om sy eie taal, geloof, onderwys, en ekonomiese stelsel te vestig en te bestuur binne sy grondgebied, vry van inmenging. Die ZABR sal geen belasting of regulasies oplê aan ander volke se grondgebiede nie, behalwe waar verdragte dit toelaat.

79. **Belasting en Ekonomiese Beheer:** Elke volk se raad sal die mag hê om belasting op te lê en te verminder binne sy grondgebied, en om fondse te gebruik vir die welsyn en ontwikkeling van sy eie gemeenskap. Geen sentrale belasting sal op ander volke se

grondgebiede gehef word nie, maar verdragte mag handels- en ekonomiese belasting samewerking reël.

## Hoofstuk XVI: Mandaat, Pligte en Magte van die Tydelike Adviesraad

80. **Instelling van die Tydelike Adviesraad**: Die Tydelike Adviesraad (TAR) word ingestel as ’n histories kulturele en administratiewe liggaam van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR), gemagtig deur die Deklarasie van Onafhanklikheid van “100 Man” (12 Julie 2025), om die Boervolk se historiese volkereg te herstel en hul kulturele, taalkundige, en historiese identiteit te beskerm totdat ’n permanente Volksraad verkies is. Die TAR funksioneer in ooreenstemming met die beginsels van die VN-Verklaring oor Inheemse Volke (UNDRIP, 2007) en die wit vlag-proses, wat vreedsame selfbeskikking beklemtoon.

81. **Mandaat**: Die mandaat van die Tydelike Adviesraad spruit uit die Deklarasie van Onafhanklikheid van “100 Man” (Bylaag J), onderteken deur gemagtigde volksgenote, en is in lyn met die doelwitte van die ZABR om die Boervolk se soewereiniteit en kulturele erfenis te bevorder. Die mandaat sluit in:
    a. Die fasilitering van die aanstelling van ’n permanente Volksraad deur gemeenskapsdeelname en die Volksregister.
    b. Toesig oor die ZABR se kulturele en administratiewe aktiwiteite, insluitend die Volksregister en herstel van status proses.
    c. Verteenwoordiging van die Boervolk in plaaslike en internasionale forums om kulturele en territoriale regte te bepleit.
    d. Beskerming van die Boervolk se Protestantse, Afrikaanssprekende erfenis en historiese volkereg (Sandrivier-konvensie 1852, Bloemfontein-konvensie 1854, en *Convention of Friendship, Commerce, and Extradition* met die Verenigde State 1871; sien Bylaag E, Deel 1, Punt 8).
    e. Voorbereiding van ’n geestelike en kulturele fondament vir die ZAB, in ooreenstemming met hul geloof in ’n Almagtige Vader.

82. **Pligte:** Die Tydelike Adviesraad is verplig om:
    a. Die konsep ZABR Grondwet te ondersteun en, waar nodig, voor te berei vir wysigings om die Volksraad se vestiging te fasiliteer.
    b. Die Volksregister te bestuur en te standaardiseer, insluitend die registrasie van volksgenote en herstel van status dokumente.
    c. Deursigtige kommunikasie met die ZAB te handhaaf via platforms soos Boervolk Radio en digitale kanale.
    d. Gemeenskapsvergaderings te koördineer om die mandaat van die Deklarasie te verbreed, met die doel om 1,000+ handtekeninge vir ’n “Volksbevestiging” te versamel.

e. Kennisgewings aan die Republiek van Suid-Afrika (RSA), Verenigde Nasies (VN), Afrika-Unie (AU), en relevante ambassades te stuur om die ZABR se kulturele en administratiewe soewereiniteit te bevestig.
f. Die Boervolk se kulturele erfenis, taal, en tradisies te beskerm deur opvoedkundige en gemeenskapsinisiatiewe.

83. **Magte**: Die Tydelike Adviesraad het tydelike magte, soos toegestaan deur die ZAB Deklarasie van Onafhanklikheid (Bylaag J) en hierdie konsep Grondwet, om:
    a. Kulturele en administratiewe beleid te ontwikkel wat die ZAB se selfbeskikking bevorder.
    b. Die Volksregister en herstel van status proses te bestuur en te verifieer.
    c. Diplomatieke verhoudings te koördineer, insluitend die stuur van herstel van status kennisgewings aan internasionale liggame.
    d. Fondse en donasies te bestuur vir die ZABR se aktiwiteite, met deursigtige finansiële verslagdoening.
    e. Regsaktiwiteite te koördineer, gebasseer op natuurlike reg en die Boervolk se tradisies, via die Volkshof (sien Artikels 53–55 vir regterlike mag, of soos later gedefinieer).
    f. Verteenwoordigers aan te stel of te verkies vir spesifieke rolle, soos uiteengesit in die TAR Stigtingshandves & Raamwerk.

84. **Struktuur en Rolle**: Die Tydelike Adviesraad bestaan uit die volgende rolle, soos uiteengesit in die TAR Stigtingshandves & Raamwerk, om balans en aanspreeklikheid te verseker:
    a. **Voorsitter**: Lei vergaderings, hou orde, en verseker besluite is in lyn met die Deklarasie en konsep Grondwet.
    b. **Ondervoorsitter**: Ondersteun die Voorsitter en tree op in hul afwesigheid.
    c. **Sekretaris-Generaal**: Bestuur notules, administrasie, en argivering van besluite.
    d. **Tesourier**: Hou toesig oor finansiële sake, donasies, en fondse.
    e. **Regsadviseur/Juridiese Koördineerder**: Adviseer oor regsaangeleenthede, natuurlike reg, en algemene regsbeginsels.
    f. **Kommunikasie & Inligting**: Koördineer publikasies, kennisgewings, en skakeling met die Boervolk.
    g. **Kultuur & Erfenis**: Beskerm die Boervolk se kultuur, taal, en tradisies.
    h. **Binnelandse Sake**: Bestuur volksertifikate, registrasies, en gemeenskapsake.
    i. **Vredesmag Koördineerder**: Fokus op orde, veiligheid, en gemeenskap-beskerming.
    j. **Jeug & Toekomstige Generasie**: Verteenwoordig jongmense en bou toekomstige leierskap.
    k. **Algemene Verteenwoordigers**: Dien as raadgewers en ondersteuners.

85. **Verkiesing en Aanstelling**:
    a. Die Tydelike Adviesraad is verkies op 24 Augustus 2025 tydens ‘n vergadering van persone wat inisiatief geneem het deur middel van ‘n formele stem proses en in ooreenstemming met die ZAB Deklarasie van Onafhanklikheid.
    b. Aanstellings vir spesifieke rolle word gemaak deur die TAR, met verifikasie deur die Volksregister, en word aangeteken in die Bylaag/Register van Aangestelde Verteenwoordigers.
    c. Lede dien tydelik totdat die Volksraad verkies is.

86. **Oorgang en Ontbinding**:
    a. Die Tydelike Adviesraad sal ontbind sodra die permanente Volksraad aangestel is, in ooreenstemming met die prosedures van die konsep ZABR Grondwet.
    b. Alle rekords, besluite, en administratiewe funksies sal oorgedra word aan die Volksraad by ontbinding.
    c. Die TAR sal ’n finale verslag publiseer oor sy aktiwiteite, insluitend die Volksregister en herstel van status proses, vir internasionale sigbaarheid.
    d. Dienende TAR lede kan vir ‘n 6 maande oorbrugging periode die Volksraad assisteer.

87. **Vreedsame Bedoelings**: Die Tydelike Adviesraad tree op as ’n kulturele en administratiewe liggaam, in lyn met die wit vlag-proses van die Deklarasie, om die ZAB se selfbeskikking vreedsaam te bevorder, sonder konfrontasie met die RSA of ander state. Alle aktiwiteite is gerig op kulturele bewaring en die herstel van historiese regte deur wettige en diplomatiese kanale.

**Hoofstuk XVII: Nasionale Simbole en Protokolle**

88. Die 2025 Eenheid Vlag, soos ontwerp deur Vivian Poludniak, is die amptelike kulturele simbool van die Zuid-Afrikaansche Boervolk (ZAB) en word deur die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR) erken as ’n verteenwoordiging van die Boervolk se historiese identiteit, taal, en erfenis. Die reëls vir die vertoon, voer en gebruik van die vlag word uiteengesit in Bylaag K: Protokol vir die Voer van die 2025 Eenheidsvlag.

**Voorbehoud van Regte**

Hierdie dokument verteenwoordig 'n vreedsame, goede-trou uitdrukking van die historiese *Boervolk*, gesamentlik en deursigtig nagestreef deur betrokke landgenote, en nie namens enige organisasie, politieke liggaam, kommersiële entiteit of eksterne belang nie. Alle verklarings hierin word uitsluitlik in die wettige belang, waardigheid en beskerming van die *Boervolk* self gemaak.

In ooreenstemming met gevestigde Gemenereg-maksimes en internasionaal aanvaarde regsbeginsels, waar geen wettige skade, besering of bewese slagoffer bestaan nie, ontstaan daar geen wettige oorsaak van aksie nie. Gevolglik mag geen jurisdiksie of nadelige regsafleiding wettiglik geheg word sonder 'n behoorlik gevestigde en wettige regsoorsaak van aksie nie.

Niks in hierdie dokument moet geïnterpreteer word as 'n afstanddoening van regte, onderwerping aan onwettige jurisdiksie, of toestemming tot onredelike of onregverdige proses nie. Alle regte, regsmiddels en wettige beskerming word uitdruklik sonder vooroordeel voorbehou. Hierdie dokument bevestig respek vir wettige gesag, behoorlike proses, menswaardigheid en vreedsame oplossing onder erkende regsstandaarde.

## BYLAES TOT HIERDIE KONSEP ZABR GRONDWET:

**BYLAAG A:** Eed van Waardigheid/Bevoegdheid

**BYLAAG B:** Zuid-Afrikaansche Boervolk Verklaring van Getrouheid

**BYLAAG C:** Geloftes van die Boervolk

**BYLAAG D:** Zuid-Afrikaansche Boervolk Etos

**BYLAAG E:** Historiese Verdragte

**Bylaag F:** Prosedures en Toepassings van die Werping van die Lot

**BYLAAG G:** Grondbestuur in die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke

**BYLAAG H:** Staatsvorm en Bestuur van die Zuid-Afrikaansche Boerevolk Republiek

**BYLAAG I:** Mandaatverklaring van die Tydelike Adviesraad van die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR)

**BYLAAG J:** ZAB Deklarasie van Onafhanklikheid van “100 man” word hier ingevoeg.

**BYLAAG K:** ZABR - PROTOKOL - Voer van 2025 Eenheidsvlag word hier ingevoeg.

**BYLAAG L:** Voeg Volgens Bybelse Beginsels hier by

**BYLAAG M:** Beginsels van Kulturele en Individuele Beskerming.

**BYLAAG N:** Definisie van Hoogverraad.

**BYLAAG O:** Gemeenskapsdiens.